Probleemoplossing: Meting *3Bd-K4-00001-2017*

1. John weeg 96 kg. Marcel weeg 87 kg. Hoeveel weeg hulle saam?

   _____

2. Die omtrek van die atletiekbaan is 400 m. Anja hardloop 2 maal om. Hoe ver hardloop sy?

   _____

3. Henk het 500 kg appels. Hy wil dit in tien bokse pak. Hoeveel kg appels kom in elke boks?

   _____

4. Mamma koop 8 kanne water. Elkeen het 5 liter water in. Hoeveel water het sy altesaam?

   _____

5. Daar is 3 stukke tou in die stoor: 240 m, 280 m en 370 m. Pappa benodig 900 m tou. Is daar genoeg?

   _____

6. Die opblaasswembad het 375 liter water in. 290 liter lek uit. Hoeveel water is oor in die swembad?

   _____

7. Freddie het R500. Hy moet die helfte vir sy sussie gee. Hoeveel geld gee hy vir sy sussie?

   _____